# HOOFSTUK 12

# EVALUERING EN AANBEVELINGS

Dit is nie die bedoeling om in die slothoofstuk die inhoud van die studie bloot saam te vat nie, maar om die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp en die munisipale bestuursontwikkeling en -infrastruktuurskepping in perspektief te plaas en te evalueer. Sake van belang sal bespreek word met betrekking tot die volgende navorsingsfokusse:

- Interne en eksterne faktore wat bygedra het tot die ontstaan en ontwikkeling van Krugersdorp.
- Die rol wat die verskillende gemeenskappe - Blank, Swart, Indiër en Bruin - in die geskiedenis van Krugersdorp gespeel het.
- Die wyse waarop die munisipale regulasies en nasionale wetgewing die verskillende sub-gemeenskappe met betrekking tot sosio-kulturele funksionering beïnvloed het.
- Die mate waarin verstedeliking die sosio-kulturele karakter van die inwoners van Krugersdorp beïnvloed het.

Ten slotte sal enkele aanbevelings wat betrekking op die interpretasie en toepassingsmoontlikheid van die studie het, gemaak word.

Die navorsing van die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp het op die stedelike gebied van Krugersdorp gefokus, wat die proefskrif binne die kader van stedelike geskiedenis plaas. Die "stedelike gebied" wat bespreek is, is die Krugersdorp munisipale gebied soos dit in 1993 tot stand gekom het. Die munisipale gebied sluit die voormalige "Blanke" Krugersdorp en die woongebiede Munsieville, Kagiso en Azaadville in, asook 'n landelike hoewegebied op die noord-westelike periferie. Die woongebied vir Bruinmense waarna in die proefskrif verwys is, het as gevolg van die hervestiging van die Bruingemeenskap onder die Groepsgebiedewet tot niet geraak. Die genoemde stedelike afbakening voldoen aan die definisie wat 'n stedelike nedersetting beskryf as "...'n permanente konsentrasie van mense, geboue, infrastruktuur en ekonomiese aktiwiteite wat geskakel is met mekaar in 'n gespesialiseerde lewenswyse en 'n interaktiewe organisasie. Die groot verskeidenheid

sosiale, ekonomiese en administratiewe komponente is geïntegreer tot 'n komplekse, funksionerende sisteem."[1] In hoofstuk vier is uitgewys dat Krugersdorp voldoen aan die stedelike model wat Drakakis-Smith as 'n "tipiese apartheidstad" beskryf, omdat die ruimtelike verdeling en toewysing van grondgebruike gebaseer is op politieke segregrasie van bevolkingsgroepe.[2] Volgens Robinson[3] word 'n stad gevorm deur hulle wat residensiële ontwikkeling beplan en beheer, met ander woorde, in die geval van Krugersdorp, die Stadsraad.

Die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp kan na aanleiding van Van Jaarsveld[4] as 'n "stedelike tema" in die stedelike geskiedenis geklassifiseer word, met navorsingsfokusse op bepaalde aspekte van die stedelike geskiedenis. Die tematies-kronologiese benadering wat in die proefskrif gebruik is, stem nie ooreen met Saunders[5] se benadering van geïntegreerde stedelike geskiedenis nie. Die stedelike geskiedskrywer moet volgens Saunders daarteen waak om aspekte van die stedelike geskiedenis in kompartemente te plaas, omdat die gevaar bestaan dat die aspekte in isolasie bespreek word en die onderlinge verband tussen die onderwerpe nie aangetoon word nie. Dit het veral betrekking op die onderlinge verband wat die ekonomie op ander aspekte van stedelike geskiedenis het. Alhoewel die tematies-kronologiese benadering en beskrywende geskiedskrywing wat in die proefskrif gevolg is, in terme van Saunders se benadering van geïntegreerde stedelike geskiedenis kritiek verdien, word geïntegreerde gevolgtrekkings in die slothoofstuk gemaak. Die aanbevelings vir verdere plaaslike ontwikkeling, veral ten opsigte van die bewaring en opvoeding oor die kulturele erfenis van Krugersdorp, verhoog die relevansie van die proefskrif.

Dit laat die vraag ontstaan tot watter mate die historikus stedelike geskiedenis by die probleme en twispunte van sy eie tyd betrokke moet maak. Die gevaar bestaan dat die geskiedenis misbruik kan word om 'n bepaalde standpunt te ondersteun of teen te staan. "Die taak van die historikus is nie om te veroordeel, skuldig te vind of te

---

1 I.J. van der Merwe, *Die stad en sy omgewing*, p.4.

2 D. Drakakis-Smith, *Urban and regional change in South Africa*, pp.37-39; Kyk ook J..J. Olivier & P.J. Hattingh, "Die Suid-Afrikaanse stad as funksioneel-ruimtelike sisteem", F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, pp.45-61.

3 J. Robinson, *The power of apartheid: State, power and space in South African cities*, p.1.

4 F.A. van Jaarsveld, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*, p.22.

5 C. Saunders, *Writing history: South Africa's urban past and other essays*, p.21.

verander nie, maar om te verstaan en te verduidelik,"[6] en om "...die ontplooiing van 'n bepaalde ruimtelik afgebakende mensgemeenskap en die omringende kultuurmilieu na te vors en te beskryf."[7] Die doel van die geskiedskrywing is volgens Moore om aan besluitnemers betroubare inligting oor die verlede te voorsien waarin wanbalanse in konteks met plek en tyd, in perspektief gestel word.[8]

Die bewuswording van 'n eie identiteit wek by die mens emosies, waardes en idees op wat die lewe vir die mens die moeite werd maak.[9] Die gedagte dat die mens uit die geskiedenis selfkennis verkry wat tot identifikasie met die verlede lei, kom volgens Dreyer algemeen voor. Deur die verlede te ken, is die individu ook besig om selfkennis op te doen. Kennis van die wese van die mens word deur Dreyer as 'n voorvereiste vir die verstaan van die geskiedenis gesien. Die waarde van die geskiedenis is vir hom daarin geleë dat die geskiedenis ons vertel wat die mens doen, en dus wat die mens is. Historiese kennis is dus ook selfkennis.[10]

Historiese kennis bring empatie, begrip en verdraagsaamheid mee. In die ingewikkelde samelewing van vandag het elke gemeenskap kennis van sy eie historiese verlede nodig om die komplekse probleme van die hede en die toekoms aan te spreek. Alhoewel die wortels van sommige sosiaal-kulturele probleme vandag diep in die verlede ingebed is, bied die geskiedenis nie onuitputlike lesse vir die probleme van die hede nie.[11] Anna Boëseken het by geleentheid in hierdie verband geskryf dat "...die geskiedenis geen steengroef is waaruit oplossings vir jou eie tyd opgegrawe kan word nie".[12] Dreyer het ook voorbehoude oor die "leer uit die verlede"-benadering: "Wat as lesse van die geskiedenis aangebied word, is baie dikwels niks anders as vae, veelal niksseggende sedelerige uitsprake waarvoor 'n mens die geskiedenis nie nodig het nie."

---

6 F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, p.207.

7 A.G. Oberholster, "Raakpunte tussen streekgeskiedenis en pleknaamkunde", *Contree,* No.12, Jul. 1982, p.23.

8 D.M. Moore, *History and a society in transformation*, pp.6,8.

9 P.G. Nel, "Kultuurgeskiedenis as wetenskap", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Vol.1, No.1, Jan.1984, p.1.

10 P.S. Dreyer, *Inleiding tot die filosofie van geskiedenis*, pp.9-11.

11 O.J.O. Ferreira, "Taak van die historikus", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis,* Vol.2, No.2, Apr. 1988, p.103.

12 A.J. Boëseken soos aangehaal deur F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, p.135.

Wat eenmaal onder bepaalde omstandighede gegeld het, "hoef nie noodwendig onder alle omstandighede te geld nie",[13] maar in die tydvak van transformasie wat op die amalgamering van munisipaliteite in Krugersdorp (1993) gevolg het, kan vreedsame verandering volgens Moore "...best be served by individuals whose knowledge of their own origins and traditions is suplemented by an acquaintance with the history and customs of the other constituent group".[14] Wedersydse begrip en verdraagsaamheid word gebore uit kennis van die verlede.

## 12.1 INTERNE EN EKSTERNE FAKTORE WAT BYGEDRA HET TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN KRUGERSDORP

Interne faktore wat bygedra het tot die ontstaan en ontwikkeling van Krugersdorp dui op faktore wat voortspruit uit die munisipale bestuurstelsel, byvoorbeeld die Krugersdorp dorpbeplanningskema. Interne faktore het hoofsaaklik betrekking op die ontwikkeling van Krugersdorp. Eksterne faktore aan die anderkant dui op faktore wat buite die munisipale bestuurstelsel 'n invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Krugersdorp uitoefen, byvoorbeeld die ontdekking van goud en verstedeliking.

Die faktore wat tot die ontstaan van Krugersdorp bygedra het, is in hoofstuk twee bespreek. Die groot aantal fossiele wat by die Sterkfonteingrotte en ander vindplekke in die omgewing gevind is, getuig daarvan dat die Krugersdorpomgewing die woonplek van vroeë hominidae was. Alhoewel die fossielvondse van groot wetenskaplike betekenis is, en die Swartkrans-Sterkfontein-Kromdraai fossielvindplekke deur sommige wetenskaplikes as "the origin of Man" beskryf word,[15] het die betekenis van die fossielvondse by die meeste inwoners van Krugersdorp verbygegaan. Dit kan deels toegeskryf word aan die jaloersheid waarmee die wetenskaplikes oor die fossielvondse gewaak het en die inligting binne die wêreld van die paleontologie en akademie gehou het, en die ontoeganklikheid van die fossielterreine vir die algemene publiek. In

13 P.S. Dreyer, *Inleiding tot die filosofie van geskiedenis*, p.6,8.
14 D.M. Moore, *History and a society in transition*, p.8.
15 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, M. Ellis, *Preserve planet earth. Sterkfontein: Origin of Man*, pp.1-10.

die navorsing is gevind dat die fossielvondse in die Krugersdorpomgewing geen of weinig invloed of betekenis gehad het in die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp. Die Swartkrans-Sterkfontein-Kromdraai bewaringsgebied ontvang sedert onlangse jare aandag van privaat-ontwikkelaars binne die konteks van ekotoerisme, maar die impak van hierdie ontwikkeling op die sosio-kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die spesifieke gemeenskappe is nie in hierdie stadium waarneembaar of meetbaar nie. Die kulturele betekenis van die Sterkfonteingrotte vir die inwoners van Krugersdorp, veral vir die Swartgemeenskappe, moet opgevolg en ontwikkel word. Die gemeenskap moet bewus gemaak word van die belangrikheid en betekenis van die fossielvondse en fossielterreine vir Krugersdorp en die geskiedenis van die mensheid.

Die feit dat die Krugersdorp-omgewing eens binne die grondgebied van die Tswana onder Mamogale geval het, voordat die Blankes hulle in die omgewing kom vestig het, is vir sommige Swartinwoners van betekenis.[16] Hierdie sentiment kan egter as die uitsondering eerder as die reël gesien word, omdat die meerderheid Swartinwoners as gevolg van verstedeliking losgeraak het van die bande wat hulle aan die verlede bind.[17] Baie van die Krugersdorpers is as gevolg van die kosmopolitiese samestelling van die bevolking en verstedeliking nie bewus van die vroeë ystertydperkvestigings in die Krugersdorp-Witwatersrandgebied nie. Die interpretasie van die geskiedskrywing in die verlede, naamlik dat die gebied "oop en onbewoon" was toe die eerste Blanke pioniers hulle in die gebied kom vestig het, dra tot hierdie onkunde by. Ook die feit dat die herkoms en kultuur van die Swartmense in vergelyking met dié van die Blanke histories gering geskat is,[18] dra daartoe by dat die vroeë vestiging van die Swartgemeenskappe in die Krugersdorpomgewing nie erkenning of aandag geniet het nie. Die bewusmaking van die gemeenskap van die vroeë ystertydperk-gemeenskappe in die Krugersdorp-Witwatersrandgebied en die

16 U. Moila, Onderhoud: 1995.

17 A. Mohakabe, Onderhoud: 1995.

18 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within die Union of South Africa*, UG 61/1955, pp.13,15.

kulturele nalatenskap van hierdie gemeenskappe, moet in die toekomstige sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp aandag geniet.

Die volksvergadering op Paardekraal in 1880, die klipstapeling en daaropvolgende Transvaalse Vryheidsoorlog word nie net as 'n direkte aanleiding tot die ontstaan van Krugersdorp gesien nie, maar dit het ook 'n bepalende invloed gehad op die aanlê van die dorp "aan die voet van die monument". Die Paardekraalgebeure van 1880 het 'n betekenisvolle invloed gehad op die volksfeeste by die Paardekraalmonument en die kultuurbelewing van veral die Blanke Afrikaner inwoners, soos bespreek in hoofstuk sewe. Die feeste by die monument het vanaf die eerste feesgeleentheid in 1881 die karakter van 'n "volksfees" en 'n "staatsfees" uitgedra, wat die rol, betekenis en bydrae van die Paardekraalgebeure (1880), en van die volksfeeste in die kultuurbelewing en nasionale ontwaking van die Afrikaner, veel wyer as slegs Krugersdorp laat strek. In die lig van versoening en heropbou is die herinterpretasie van die Paardekraalgebeure en die -monument in belang van die ontstaan en geskiedenis van Krugersdorp nodig.

Die rol wat landbou, mynbou en die industrieë in die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp gespeel het, is in die studie bespreek. Alhoewel landbou 'n betekenisvolle bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp gemaak het, was dit mynbou wat die grondslag van die dorp se ekonomie gevorm het. Die goudmyne was ook vir jare Krugersdorp se belangrikste werkverskaffers. Terwyl die myne hoofsaaklik gesteun het op trekarbeid, het die nywerhede gebruik gemaak van plaaslike arbeid en dusdanig 'n nuwe arbeidsmag in Krugersdorp gevestig, en geleidelik die werkverskaffingsrol van die goudmyne oorgeneem. Die eerste nywerhede wat hulle in Krugersdorp gevestig het, was gerig op die behoeftes van die mynbedryf. Die afname in goudproduksie en die sluiting van die myne lei tot die ontwikkeling van nywerheidsgebiede in Krugersdorp, 'n taak wat deur die Krugersdorp Stadsraad met versiendheid aangepak is. Met hierdie ontwikkeling het die Stadsraad daarin geslaag om werksgeleenthede te skep vir die persone wat die diens van die myne verlaat het en sodoende die werkers se koopkrag in Krugersdorp behou.

Die rol en betekenis van Krugersdorp in die sosio-ekonomie van Wes-Gauteng is in hoofstuk ses aangedui. Met die uitsondering van mynbou, is Krugersdorp in alle sektore van die ekonomie die toonaangewende dorp in Wes-Gauteng. Nywerhede vorm 39% van die Binnelandse Bruto Produk in Krugersdorp, gevolg deur handelsdienste en landbou. Die gemiddelde plaasgrootte in die Krugersdorpdistrik is heelwat kleiner as die res van die land, wat beteken dat intensiewe verbouingspraktyke aan die orde van die dag is. Groente-, blomme- en vrugteverbouing vorm die hart van die landboubedryf, gevolg deur hoenderboerderye en diereproduksie (suiwel, en voerkrale). Basiese metaalnywerhede en voedselverwerking is die belangrikste nywerhede in Krugersdorp. Die handelsektor vorm 50% van Krugersdorp se tersiêre sektorbedrywe. Die meerderheid ondernemings in die handel en finansiële dienste is deel van takbesighede, behalwe in die geval van die motorhandel. Wat omset betref staan klerasie, kruideniersware en meubels bo aan die lys van handelsgoedere. Alhoewel die Blankes oor die grootste koopkrag beskik, is dit opmerklik dat die omset van handelsgoedere onder Swartmense veel groter is. Dit kan onder andere aan die groter bevolkingsgetalle toegeskryf word. Wat die verbruikerspatroon betref is dit duidelik dat die Swartkoper meer op basiese behoeftes soos voedsel, kleding en meubels konsentreer, wat die handelsprofiel van die Krugersdorp SBD sedert die negentigerjare verander het en tot die vestiging van meer voedsel-, klere- en meubelhandelaars wat hulle op die Swartkoopkrag toespits in die SBD gelei het.[19] Die verandering van die stadkern en verlies van Blanke koopkrag ten gunste van voorstedelike handelsnodes word deur Badenhorst[20] met die verstedeliking van Suid-Afrikaanse stede geassosieer. Die ontwikkeling van die SBD as handelsnode is nie net vir die ekonomiese welvaart van Krugersdorp van belang nie, maar ook vir die voortbestaan van die stadkern.

Die Joodse- en Indiërgemeenskappe het 'n belangrike rol gespeel in die vestiging van 'n handelsekonomie in Krugersdorp. Die Joodse ontwikkeling het

---

19 J.L. Schutte & C.H. Boshoff, *Wesrand Streekdiensteraad* (Beplanningsondersoek, Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling en Toekomstudies, PU vir CHO, 1988), pp.243-338.

20 M.A. Badenhorst, "Stedelike ontwikkeling in Suid-Afrika: intrastedelike patrone en ruimtelike implikasies", F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p.85.

die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) as Krugersdorp se belangrikste handelsnode. Die Indiërsakelui daarenteen het 'n opdraende stryd gestry om erkenning en die reg om in die SBD handel te dryf. Besluite van die Stadsraad sowel as nasionale wetgewing het die Indiër se reg om in die sogenaamde Blanke gebiede handel te dryf, aan bande gelê. Indiërsakemanne is so laat as 1977 eers toegelaat om in 'n spesiale Indiërhandelsentrum in die SBD handel te dryf. 'n Gedeelte van die SBD is in 1980 vir Indiërsakelui oopgestel. Indiërs besit vandag ongeveer 50% van die kleinhandelsake in die SBD.[21]

Swartsakemanne het weinig ruimte en geleenthede gehad om in Krugersdorp handel te dryf. Handeldrywe was vir hulle beperk tot Munsieville en Kagiso, waar hulle meestal as algemene handelaars in die behoefte van die plaaslike gemeenskap vir noodsaaklike verbruikersgoedere voorsien. Die gebrek aan handelsnodes in die Swartwoongebiede het die ekonomiese ontwikkeling van beide Munsieville en Kagiso gestrem. Die ekonomiese nood van hierdie gemeenskappe en die toenemende voorkoms van werkloosheid plaas groot druk op die sakegemeenskap en die Plaaslike Oorgangsraad. Deur middel van die stimulering van informele handel en werkskeppingsgeleenthede, kan die Stadsraad die ekonomiese dilemma van hierdie gemeenskappe aanspreek.

Krugersdorp ervaar sedert die opheffing van instromingsbeheer in 1986 'n skerp groei in veral Swartbevolkingsgetalle, soos in hoofstuk vier aangetoon. Die gebrek aan grootskaalse werksgeleenthede en die relatiewe onvermoë van die Stadsraad, die Staat en die privaatsektor om die werkloosheidsprobleem aan te spreek, sal die belangrikheid van informele handel in die toekoms vergroot. Deur die informele sektor reg te beplan en die korrekte opleiding te bied, kan dit uiteindelik die basis van ekonomiese ontwikkeling in Krugersdorp vorm. Die Blanke informele bedryf begin gewoonlik as 'n stokperdjie wat later in 'n voltydse formele tuisbedryf ontwikkel. Die informele sektor vir Nie-Blankes kan in twee groepe onderskei word. Die eerste groep bestaan uit straatverkopers (groente, kuriositeite, handwerk), rommelverkopers,

---

21 Persoonlike waarneming na 'n besoek ter plaatse.

skoenpoleerders, skoenrepareerders, straatfotograwe en haarkappers wat meestal 'n bestaansekonomie uit die informele handel maak. Die tweede groep is straatverkopers van handelsgoedere soos skoene, handsakke en klerasie. Laasgenoemde groep verkoop die items dikwels vir 'n gevestigde Indiërhandelaar op 'n kommissiebasis. Die informele sektor sluit ook entrepreneurs bedrywe soos sweiswerk, tuindienste, kleremakery en tuisgebak, wat onder alle bevolkingsgroepe voorkom, in. 'n Afrika-tendens in die ekonomie is dat die informele sektor so groei dat dit mettertyd groter as die formele sektor is. Daarom is statistiek ten opsigte van werkloosheid, inkomste, ensovoorts nie altyd betroubaar nie. In die beheer en ontwikkeling van informele handel in Krugersdorp het die Krugersdorp Stadsraad verantwoordelikheid in die identifiseer en ontwikkeling van nodes vir informele handel. Die tendens bestaan om hierdie nodes by taxi-staanplekke, in die omgewing van spoorwegstasies en belangrike straatkruisings te ontwikkel. Die opgradering van hierdie spontane informele handelsnodes geniet sedert 1994 die aandag van die Plaaslike Oorgangsraad. Dit sluit die skep van 'n behoorlike infrastruktuur (plavleisel, afdakke, ordelike verkooppunte en openbare toiletgeriewe) en die lewering van munisipale reinigingsdienste in.

Die ontwikkeling van nywerhede ter ondersteuning van die goudmynbedryf het die vestiging van sowel Blankes as Swartmense in Krugersdorp gestimuleer. Die ruimtelike ontwikkeling van Krugersdorp en vestiging van woongebiede is in hoofstuk vier bespreek. Die sosiale verspreiding van die inwoners volgens etniese groeperinge, met die woongebiede vir Swartmense, Indiërs en Bruinmense op die periferie van die munisipale gebied, kan aan die nasionale politieke beleid en ontwikkeling van groepsgebiede toegeskryf word. Die ontwikkelingspatroon van Krugersdorp in 'n oorwegend noord-oostelike rigting het sy beslag gekry in die eerste dorpbeplanningskema in 1939.[22] Dorpsontwikkeling aan die westekant het aansluiting gevind by die ontwikkeling van landbouhoewes, wat 'n meer landelike karakter aan die westelike munisipale gebied gee. Mynbou-aktiwiteite het ontwikkeling van

22 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Mrt 1939.

residensiële gebiede in 'n suid-westelike rigting geïnhibeer. Kagiso en Azaadville op die suidelike rand van die munisipale gebied word deur 'n groot oop ruimte myngrond van die res van Krugersdorp en die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) afgesny. Die gebrek aan 'n behoorlike verbindingsroete tussen hierdie woongebiede en die SBD het 'n invloed op die sosio-ekonomiese ontwikkeling van beide die SBD en die woongebiede. Die daarstelling van 'n direkte verbindingsroete tussen Kagiso en die SBD word daarom as 'n prioriteit vir sosio-ekonomiese ontwikkeling gesien.[23]

'n Saak wat besondere aandag geniet het, is die kwessie van "naturellehuisvesting". Die hoë digtheid en eendersheid van die huise in Munsieville en Kagiso is sprekend van die laekoste behuising wat aan Swartmense voorsien is. Die eentonige patroon waarin die woongebiede vir Swartmense ontwikkel is, het in 1909/1910 beslag gekry met die aanlê van die "nuwe lokasie" (Munsieville).[24] Die nasionale regering het finansiële verantwoordelikheid vir die voorsiening van behuising aan Swartmense aanvaar. Die oprigtingskoste is gedra uit die Naturelle-inkomsterekening, maar geld was ook nodig vir die lewering van dienste aan die Swartgemeenskappe. Hiervoor is Naturelledienste-heffings ingestel, wat deur die plaaslike owerhede ingevorder is.[25] Die inkomste uit hierdie rekeninge was beperk en geen kruisbefondsing het plaasgevind uit ander inkomstebronne ten einde behuising en geriewe van 'n beter kwaliteit aan die Swartinwoners te voorsien nie.

Ten spyte van uitgebreide behuisingsprogramme vir Swartmense het die Stadsraad en Regering gesamentlik nie in die behuisingsnood van die groeiende stedelike bevolking van Krugersdorp voorsien nie. Die gevolg is dat agterplaas plakkery in sowel Munsieville as Kagiso voorkom, wat 'n behuisingsagterstand van 4987 wooneenhede vir die gevestigde Swartgemeenskappe in 1993 beteken het. Hierdie syfer sluit nie die 12280 wooneenhede wat vir die behuisingsnood

---

23 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.1, Jul. 1996, p.57.

24 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, p.93.

25 J.N. Jonker, *Die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika. Sy ontstaan en ontwikkeling* (Geleentheidspublikasie ter viering van vyftigjarige bestaan, 1982), p.14.

van die plakkergemeenskappe in Pangoville en Swanieville (Lusaka) benodig word, in nie.[26] Die voorsiening van laekostebehuising aan hierdie mense en die opgradering van bestaande behuisingsfasiliteit in Kagiso en Munsieville word as 'n vereiste vir die sosio-ekonomiese opheffing van die gemeenskappe gesien.

'n Verdere kenmerk van die vestigingspatroon van Swartmense in Munsieville en Kagiso is die groepering van inwoners volgens etniese herkoms. Hierdie vestigingswyse vind aansluiting by die nasionale segregrasiebeleid en groepsgebiede ontwikkeling. Die etniese groepering van inwoners is veral opmerklik in die Lewisham munisipale hostel en ander ouer gebiede van Munsieville en Kagiso. Die Wysiging van die Slumswet van 1934 in 1978 het plaaslike owerhede verplig om geskikte huisvestiging aan alle bevolkingsgroepe vir woondoeleindes te verskaf. Die Departement Gemeenskapsbou het onder die nuwe wetgewing plaaslike owerhede verplig om woonpersele van 'n besondere grootte en prysklas vir spesifieke bevolkingsgroepe beskikbaar te stel.[27] Alhoewel die voorsiening van behuising 'n gevestigde verpligting van plaaslike owerhede is sedert die totstandkoming van munisipaliteite, het die wysiging van die Slumswet die vestiging van inwoners volgens etniese groeperinge versterk. Die ontwikkeling van Swartwoongebiede volgens 'n relatief eenvormige patroon in Suid-Afrika is in hoofstuk vier bespreek.

Behuising verskil dramaties tussen die hoër- en laerinkomstegroepe. Ten spyte van eenderse styl- en periode kenmerke is groter diversiteit, en selfs individualiteit, ten opsigte van woonhuise in Blanke gemeenskappe waarneembaar. Die feit dat die meerderheid van hierdie woonhuise deur privaat inisiatief ontwikkel is, kan as rede hiervoor aangevoer word. Eendersheid van woonhuise en die herhaling van dieselfde bouplanne kom wel voor in gebiede wat as gevolg van subekonomiese behuisingsprojekte ontstaan het, byvoorbeeld Appelpark.

---

26 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.1, Jul. 1996, p.104.

27 J.N. Jonker, *Die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika. Sy ontstaan en ontwikkeling* (Geleentheidspublikasie ter viering van vyftigjarige bestaan, 1982), p.32.

'n Verdere kenmerk van die Blanke woongebiede in vergelyking met die woongebiede Kagiso en Munsieville, is die ruimer leefruimtes en laer digtheid wat in hierdie gebiede voorkom. Alhoewel aanvaar word dat die digtheid van Swartwoongebiede as gevolg van die agterplaas-plakkery verhoog word, lê die verskil in die feit dat die Swartwoongebiede doelbewus as hoë digtheid woongebiede beplan en aangelê is. Die verhoging van die digtheid van sekere Blanke woongebiede vir die middel- en hoërinkomstegroepe word daarom in die vooruitsig gestel as oplossing vir die behuisingsbehoeftes van die ekonomiese groeperinge.[28]

Die Indiërwoongebied Azaadville toon kenmerke van beide die laekostebehuising wat uit staatsfondse gebou is, en woongebiede wat as gevolg van privaat inisiatief ontstaan en ontwikkel het. As 'n meer onlangse (moderne) aanleg kan die laekostebehuising nie met dié van Kagiso en Munsieville vergelyk word nie, omdat woonstelblokke in die geval van Azaadville in die behoefte vir laekostebehuising voorsien. Die eentonige herhaling van die woonstelblokke is 'n tipiese kenmerk van laekostebehuising. Omdat die privaat-woonhuise dikwels deur 'n uitgebreide familie (ouers met getroude seun(s) en sy gesin) bewoon word, is die buitengewone grootte van sommige woonhuise opmerklik.[29]

In realiteit is Krugersdorp ruimtelik verspreid oor 'n uitgestrekte gebied. Stedelike uitbreiding van die aangrensende metropolitaanse gebiede het 'n groot impak op die verstedeliking van Krugersdorp. Wes-Gauteng is deur die Provinsiale Owerheid geoormerk as 'n gebied vir grootskaalse ontwikkeling van laekoste-behuisingsprojekte. In hierdie opsig word Krugersdorp deur die Wes-Gauteng Diensteraad as die primêre sone vir toekomstige hoë digtheid stedelike ontwikkeling in die Wes-Gauteng gesien.[30] In aansluiting by die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad se vooruitsig om in die behoefte vir

28 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.1, Jul. 1996, p.105.

29 I. Dasoo, Onderhoud: 1995..

30 Wes-Gauteng Diensteraad, Randfontein, *Regional development objectives for the area of jurisdiction op the Western Gauteng Services Council: 1997/98*, Jun. 1996, pp.11,12.

laekostebehuising van sy inwoners te voorsien, sal hierdie ontwikkeling druk op die ekonomiese groei van Krugersdorp plaas.

Sport- en ontspanningsfasiliteite vir die Swart-, Bruin- en Indiërgemeenskappe kan in die algemeen as swak en ontoereikend beskryf word. Alhoewel voorsiening in die dorpbeplanningskema gemaak is vir parke en sportgronde, is die ruimtes wat hiervoor voorsien is, nie ontwikkel nie. Dit is duidelik dat die voorsiening van parke en sportgronde nie 'n beplanningsprobleem is nie, maar wel 'n ontwikkelings- en onderhoudsprobleem. Dit is hoofsaaklik te wyte aan 'n tekort aan fondse om die nodige ontwikkeling en onderhoud te doen. Ontspanningsfasiliteite soos piekniekplekke was in die verlede vir "slegs blanke" gebruik gereserveer. Die algehele afwesigheid van piekniekplekke in Munsieville, Kagiso en Azaadville vereis die dringende aandag van die Plaaslike Oorgangsraad. Sport- en ontspanningsfasiliteite in Blanke woongebiede is in die algemeen toereikend en in 'n goeie toestand.

Onderwys is nie 'n Plaaslike Owerheidsfunksie nie. Die Krugersdorp Stadsraad was in die tydperk 1903 tot 1993 indirek by die onderwys betrokke met betrekking tot die lewering van munisipale dienste aan skole en plaaslike gemeenskappe. Onder die Bantoe-Onderwyswet van 1953 is dit ook van die Stadsraad verwag om skoolgeboue in Kagiso, Munsieville en Azaadville op te rig en in stand te hou. Alhoewel hierdie skole slegs aan die minimum standaarde voldoen het, word die opvoedkundige peil van inwoners in Krugersdorp as relatief hoog gesien. Die onderwysstelsel van die verlede het nietemin 'n groot gaping in die opvoedingspeil van 'n groot gedeelte van die volwasse gemeenskap gelaat wat vandag deur middel van geletterheidsprogramme en spesiale vaardigheidsopleiding aangespreek moet word. 'n Pro-aktiewe benadering tot onderwys en opleiding is nodig om ekonomiese ontwikkeling in Krugersdorp te ondersteun.

Die behoudende rol wat godsdiens en die kerk in die handhawing van kulturele identiteit in Krugersdorp gespeel het, is in hoofstuk nege bespreek. Kultuurbehoud het te doen met die handhawing van beginsels, morele waardes en gesonde selfagting soos oorgedra en versterk deur die kerke en hulle

gemeenskapsbetrokkenheid. Die rol van die Plaaslike Owerheid in infrastruktuurskepping en lewering van munisipale dienste kan nie van die effektiewe funksionering van kerkgenootskappe losgemaak word nie.

Wat die Blanke bevolking betref kan die munisipale ontwikkeling tussen 1903 en 1993 as baie suksesvol getipeer word. Nie-Blanke woongebiede wat binne die stedelike sisteem van Krugersdorp tot stand gekom het, is egter nie fisies of administratief daarby geïntegreer nie. Die sosiale ruimte van die Nie-Blanke woongebiede is ongestruktureerd met betrekking tot grondwaardes, huur, eienaarskap, grondgebruike en woonhuisstrukture. Behuising voldoen aan slegs minimum standaarde, met 'n beperkte keuse van die tipe behuising wat deur die Owerheid beskikbaar gestel word. Lang afstande tussen woon- en werkplek en die gebrek aan kleinhandelsnodes en kapitaalkragtige ondernemings in die woongebiede strem nie net die ekonomiese ontwikkeling van die woongebied nie, maar ook dié van die individu. Die lewenskwaliteit van die individu stem nie noodwendig met die kwaliteit van die fisiese omgewing ooreen nie. Die lewenskwaliteit in Nie-Blanke woongebiede is laer as gevolg van 'n gebrek aan voldoende skole, klinieke en oorbewoning en die voorkoms van misdaad in dié gebiede.

## 12.2 DIE ROL WAT DIE VERSKILLENDE GEMEENSKAPPE – BLANK, SWART, INDIËR EN BRUIN – IN DIE GESKIEDENIS VAN KRUGERSDORP GESPEEL HET

Die toestroming van die immigrante na die Krugersdorp goudvelde het daartoe bygedra dat Krugersdorp se kulturele inslag sterk "uitheems" van aard is. Die sogenaamde uitlanders het 'n leidende rol gespeel op ekonomiese, politieke en sosiale gebied.[31] As sosiale leiers het hulle beslag gegee aan die vestiging van 'n Brits-koloniale lewenswyse in Krugersdorp. Die beoefening van vreemde sportsoorte soos rugby, krieket, tennis en sokker was baie gewild onder die inwoners. Danspartye het gereeld op die sosiale kalender van die dorp voorgekom. Die sosio-kulturele nalatenskap uit hierdie periode het in die

---

31 Kyk hoofstuk drie en ses vir bespreking van die rol van die invloedryke immigrante op die munisipale bestuur en ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp.

Krugersdorp Museum neerslag gevind in die vorm van foto's, visitekaartjies, uitnodigingskaartjies en programme, asook outobiografiese manuskripte, bladmusiek, ensovoorts[32]. Hierdie kultuurgoedere is nie verteenwoordigend van die totale gemeenskap nie. Die ontdekking van goud en die mynbou-industrie het ook tot die ontstaan van 'n totaal nuwe arbeidskultuur in Suid-Afrika, en in Krugersdorp, gelei. Weinig van hierdie nuwe arbeidskultuur en kamponglewe van die Swartmynwerkers het neerslag gevind in die geskiedenis-uitbeelding van Krugersdorp Museum, of in die versameling van die museum. Meer aandag moet in die toekoms gegee word aan navorsing van die sosio-kulturele lewe van die mynwerkers en myners in die geskiedenis van Krugersdorp.

Die Afrikanergemeenskap het in die beginjare van die geskiedenis van Krugersdorp nie 'n prominente rol gespeel in die sosiaal-kulturele lewe van die dorp nie, hoofsaaklik as gevolg van sy eie stryd om weer ekonomies en sosiaal-kultureel op te staan na die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die stryd om aan hulle kinders 'n Christelik-nasionale onderwys te gee, het die sosiaal-kulturele betrokkenheid van die Afrikaner-gemeenskap oorheers. Die behoudende invloed van die kerk en godsdiens van die Afrikaner teen verengelsing en die vreemde gebruike van die immigrante (uitlanders) is 'n uitstaande kenmerk van die sosiaal-kulturele karakter van die Afrikaner.

Die kultuurontplooiing van die Afrikaanssprekende gemeenskap in Krugersdorp het in die twintigerjare momentum gekry toe die tweede geslag Afrikaners in die stad naas die Dingaansfeeste by die Paardekraalmonument ook 'n feestradisie rondom Krugerdag opgebou het. Die rol en betekenis van die volksfeeste in die Afrikaner se nasionale kultuurbewuswording is in die studie bespreek. Die bydrae wat die volksfeeste gemaak het tot die behoudende konserwatiewe karakter van die Afrikaanssprekende gemeenskappe in Burgershoop en Krugersdorp-Wes kan teruggevoer word na hierdie gemeenskappe se groter betrokkenheid by kultuuraktiwiteite en Afrikaner verenigingslewe in die verlede. 'n Kenmerk van die Afrikaner se

32 Kyk Museum, Krugersdorp, *Norton-versameling*, danskaartjies, uitnodigings en foto's, 1900-1945.

verenigingslewe is dat dieselfde kultuurleiers op die bestuur van meer as een vereniging voorkom. Alhoewel 'n verskeidenheid Afrikaanse kultuurverenigings op die dorp voorgekom het, het almal die gemeenskaplike doelwit nagestreef om die taal, tradisies en lewenswaardes van die Afrikaner te bevorder en uit te bou. Die rol wat predikante en onderwysers as kultuurleiers in die sosio-kulturele opheffing van die Afrikaner-gemeenskap gespeel het, kan nie te gering geskat word nie. Dat die onderwysers en predikante as kultuurleiers moontlik ook by die Afrikaner Broederbond betrokke kon wees, soos bespreek in hoofstuk sewe en nege, kan nie buite rekening gelaat word nie. Besonderhede van die spesifieke rol van die Afrikaner Broederbond in die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp is nie ten volle nagevors nie.

In teenstelling met die Afrikaanse kultuurverenigings wat op die eie waardes en kultuur van die Afrikaner gefokus het, dra die diensorganisasies soos die Rotary Club en Tafelronde meer die Engelse filantropiese beeld uit. Die maatskaplike behoeftes van die gemeenskap is op verskeie maniere deur die verskillende diensorganisasies aangespreek en verlig. Die diensorganisasies was in die tydperk toe apartheid sosiaal-kulturele kontak tussen verskillende bevolkingsgroepe afgekeur het, een van die min terreine waar mense van verskillende kulture en herkoms op gelyke voet ontmoet het en mekaar beter kon leer ken. Hierdie kultuurkontak dien vandag as brûe in die rekonstruksie van die sosiaal-kulturele gemeenskapslewe van die Krugersdorpers.

Musiek en toneel het 'n groot bydrae gelewer tot die kulturele en sosiale lewe van die inwoners. Krugersdorp was as kulturele sentrum aan die Wesrand landwyd bekend vir die optredes van die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society (KMDOS) en die West Rand Symphonic Orchestra (WSO). Ten spyte van die opdraende stryd wat die uitvoerende kunste teen die toenemende gewildheid van die klankrolprent gevoer het, was die uitvoerings van die WSO en KMDOS tot in die veertigerjare hoogtepunte op die sosiaal-kulturele kalender van die dorp. Amateurtoneel het die Blanke gemeenskap saamgebind, ongeag taal- en politieke verskille.

Die geleentheid vir georganiseerde kultuuraktiwiteite onder die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe was beperk. Die gebrek aan fasiliteite en geleenthede het nie net die beoefening van georganiseerde kultuuraktiwiteite geïnhibeer nie, maar die sosiale status van hierdie gemeenskappe en die geringskatting van hulle kultuurgebruike en -produkte as "primitief" of "barbaars" het 'n gebrekkige kultuurbewustheid en eie waarde in die gemeenskappe self tot gevolg. Die geneigdheid bestaan vandag nog om die kultuurprodukte van veral die Swartmense slegs as kuriositeite vir die toeristemark te sien en dit nie in eie reg te erken en te waardeer nie. As gevolg van die Blanke se dominante posisie in die sosiaal-kulturele sfeer, moet die persepsie dat slegs die Blanke of Westerse kultuur waarde het, in die gemeenskap afgebreek word. Die Plaaslike Oorgangsraad en die gemeenskap het gesamentlik die verantwoordelikheid om die gemeenskap bewus te maak van die eie waarde van sy kurltuurerfenis. Die Plaaslike Oorgangsraad het ook die verantwoordelikheid om fasiliteite en geriewe aan Nie-Blanke gemeenskappe te voorsien vir kultuuraktiwiteite en sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Segregrasie het veroorsaak dat die Blanke- en Swartkulture nie nader aan mekaar ontwikkel het nie, maar dat die twee groepe vreemdelinge vir mekaar gebly het. Geleenthede vir kulturele interaksie buite die werkplek, was beperk. Baie van die Blanke kultuurgoedere, byvoorbeeld musiek, dans en kuns, was Europees van oorsprong. 'n Groter Afrika-oriëntasie onder Blankes het eers onlangs ontstaan. Akkulturasie het in 'n groter mate onder stedelike Swartmense as Blankes plaasgevind, omdat die Blanke kultuur deur ekonomiese en politieke kragte gerugsteun is. Die stedelike Swartkultuur het as gevolg van verstedeliking, ontstamming en verwestering verder weg van die tradisionele landelike Swartkultuur beweeg. Sosiale gebruike soos die huwelik en begrafnis onder die Swartmense het in die stedelike omgewing verander. Die tradisionele gewoontes en gebruike is met die Westerse gewoontes versoen en nuwe kultuurgebruike soos onder andere die myndanse en die "jive" is geskep. Weens politieke en geografiese segregrasie het integrasie van die verskillende kulture in 'n breër Suid-Afrikaanse kultuur, nie plaasgevind nie.

Die Indiër se kultuurkragte lê opgesluit in hulle godsdiens. Die Hindoeïsme leer hulle kultuur en godsdiens enkulturatief, dit wil sê binne familieverband. Die Islam se kultuurkragte aan die anderkant is geleë in die grootgesinseenheid wat volgens Nel[33] met die Afrikaner se eertydse patriargale stelsel vergelyk kan word. Die grootgesinseenheid bestaan uit 'n aantal kerngesinne wat hiërargies volgens manlike senioriteit opgestel is. Hierdie gesinne vorm 'n hegte eenheid, ondersteun mekaar en lewer naastediens, wat hulle as 'n statussimbool sien. Die gesinseenheid beveg alles wat kultureel skadelik vir hulle mense kan wees. As stedelike gemeenskappe word die grootgesinseenhede gesamentlik verantwoordelik gehou vir die bou en instandhouding van 'n moskee en die madras. As gevolg van die relatief geslote lewenswyse van die Indiërgemeenskap en geografiese segregrasie het integrasie van kulture in 'n breër Suid-Afrikaanse kultuur nie plaasgevind nie. Die munisipale bestuurstelsel in Krugersdorp sedert 1903 het geografiese segregrasie van kultuurgemeenskappe bevorder en bygedra tot die isolasie van veral die Indiërgemeenskap in die sosio-kulturele lewe van die dorp.

Die ruimtelike ontwikkeling van Krugersdorp in afsonderlike woongebiede vir die verskillende bevolkingsgroepe het geleenthede vir die inwoners om mekaar te leer ken, mekaar te verstaan en die kulturele diversiteit van die gemeenskap te waardeer, verhoed. Krugersdorp het sy kosmopolitiese karakter en kulturele diversiteit behou ten spyte daarvan dat verskillende bevolkingsgroepe in dieselfde stad woon en werk. Dit stel besondere eise aan die sosiaal-kulturele integrasie van die gemeenskappe wat op die amalgamasie van die munisipaliteite in 1993 gevolg het omdat die gemeenskappe nie kulturele verdraagsaamheid aangeleer het nie. Veral die Afrikaanssprekende gemeenskap aanvaar nie maklik verandering nie. Hulle wil ook nie fasiliteite en sosiaal-kulturele aktiwiteite met Nie-Blankes deel nie. Individualisme onder Swartmense en die sterk teenwoordigheid van 'n groep wat sake en geleenthede vir integrasie verpolitiseer skep potensiële konfliksituasies. Sosiaal-

33 P.G. Nel, "Die stad en die georganiseerde kultuurlewe", F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, pp.178,179.

kulturele integrasie moet daarom gepaard gaan met die stimulering van kulturele verdraagsaamheid onder al die bevolkingsgroepe.

## 12.3 DIE WYSE WAAROP MUNISIPALE REGULASIES EN NASIONALE WETGEWING DIE VERSKILLENDE SUB-GEMEENSKAPPE MET BETREKKING TOT SOSIO-KULTURELE FUNKSIONERING BEÏNVLOED HET.

In die navorsing is uitgewys dat nie net die munisipale bestuurstelsel, politici en die amptenary, blanksentries was nie, maar dat die besluite van die Stadsraad die Blanke bo die ander bevolkingsgroepe bevoordeel het. Aandag is in hoofstuk drie gegee aan die munisipale bestuurstelsel, terwyl die historiese ontwikkeling van fasette van munisipale dienslewering in hoofstuk vyf bespreek is.

Die hoofdoel van enige plaaslike owerheid is om die algemene welsyn van die inwoners binne sy munisipale gebied te ontwikkel en te bevorder. Die rol van plaaslike owerhede in die sosiaal-kulturele ontwikkeling van die inwoners is nie net op ekonomiese vooruitgang gemik nie, en handel nie net oor die materiële welvaart (woonhuise, teerpaaie, ontspanningsgeriewe, ensovoorts) van die gemeenskap nie, maar dit behels ook die geestelike en kulturele verryking (kultuursentrums, kerkgeboue, kunsgalarye, skole, ensovoorts) van die inwoners. Wat die "algemene welsyn" van die gemeenskap presies behels, word bepaal deur die waardes wat in die gemeenskap geld. Die kwaliteit en kwantiteit van die munisipale dienslewering aan 'n bepaalde gemeenskap word beïnvloed deur die lewensstandaard van die gemeenskap en die persepsie wat die Stadsraad en die amptenary van die bepaalde gemeenskap het.[34] Die persepsie wat die Krugersdorp Stadsraad en amptenary van die ander bevolkingsgroepe gehad het, het 'n bepalende invloed uitgeoefen op die kwaliteit- en kwantiteitinfrastruktuur en munisipale dienste wat in die woongebiede vir Swartmense, Indiërs en Bruinmense gelewer is. Omdat die Nie-Blanke bevolkingsgroepe nie as die gelyke van die Blanke geag is nie,

---

34 M.H. Meiring, *Persepsies oor munisipale dienslewering* (Geleentheidspublikasie nr. 11, Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE, 1988), pp.7,15.

moes hulle gevolglik met minder fasiliteite en geriewe klaarkom. Die aanlê van staanwater in die woongebiede vir Nie-Blankes teenoor die aanlê van lopende water vir elke huishouding in Blanke woongebiede, dien as voorbeeld. In die praktyk het dit beteken dat onderskeid getref is in die toepassing van waardes (standaarde) om die "algemene welsyn" van die betrokke gemeenskappe te bepaal.[35] Die diskriminerende element in munisipale beleidstoepassing lê nie soseer in die feit dat party mense ryk en ander arm was nie en dat die rykes beter fasiliteite geniet het nie, maar dat 'n persoon op grond van velkleur in terme van stedelike segregrasie, afgedwing deur die Groepsgebiedewet, geen keuse van woonplek of kwaliteit diens gehad het nie. Selfs al het die Nie-Blanke die finansiële vermoë gehad om daarvoor te betaal, het Nie-Blanke inwoners nie inspraak gehad op die kwaliteit of kwantiteit van munisipale dienslewering nie.

Die kwaliteit en kwantiteit van die munisipale dienste is ook beïnvloed deur die lewensstandaard van die inwoners en die persepsie van die munisipale bestuur van wat vir die bepaalde gemeenskap bekostigbaar is. Die sigbaarheid van munisipale dienste het daarom in 'n groot mate afgehang van die bydrae wat 'n bepaalde gemeenskap in die vorm van eiendomsbelasting tot die inkomste van die Stadsraad maak. Swartmense, Indiërs en Bruinmense se bydrae tot die inkomste van die Stadsraad was beperk tot die betaal van huur- en dienstegelde omdat hulle nie eiendomsbelasting betaal het nie. Die munisipale behuisingstelsel het slegs vir die huur van huise voorsiening gemaak. In die studie is uitgewys dat die munisipale dienslewering en infrastruktuurskepping in woongebiede vir Swartmense, Indiërs en Bruinmense hoofsaaklik uit die Naturelle-inkomsterekening gefinansier is. Geen kruisbefondsing tussen die inkomste uit die Blanke gemeenskap en dienslewering aan Nie-Blanke gemeenskappe het plaasgevind nie.[36] Die resultaat is dat slegs die materiële behoeftes van die gemeenskappe aandag geniet het en dat die geestelike en kulturele verryking wat vir "algemene welsyn" noodsaaklik is, weinig of geen

---

35 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.3, Jul. 1996, p.31.

36 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Town Council of Krugersdorp. Budget speech 1942-1943*, J.F.H. Bolton, 29 Jun. 1942, pp.8-10.

aandag geniet het. In die Status-Quo ontleding wat die Plaaslike Oorgangsraad in 1996 gemaak het, is die tekort aan fasiliteite vir die geestelike en kulturele verryking van veral die gemeenskappe in die suidelike gedeelte van die munsipale gebied (Kagiso en Rietvallei) geïdentifiseer.[37]

Die gevolgtrekking is dat die Blanke inwoners vanweë hulle hoër inkomste en "bevoorregte posisie" beter toegang tot fasiliteite en munisipale dienste het as die ander bevolkingsgroepe. Die groeiende vraag na infrastruktuur en munisipale dienslewering in die laerinkomste gebiede vereis innoverende optrede van die Plaaslike Oorgangsraad ten einde die sosiale agterstand in hierdie gemeenskappe effektief aan te spreek. Kroukamp wys tereg daarop dat die mate waarin die Raad in die verwagtinge van die gemeenskappe sal voldoen, afhang van die beskikbaarheid van finansiële hulpbronne en die mate waartoe die ekonomiese groei in die munisipale gebied gestimuleer word. Selfs al kan ekonomiese groei en daardeur die redelike befondsing van die munisipale dienste verseker word, moet dit nie uit die oog verloor word dat die finansiële hulpmiddele stadiger as die vraag na dienste groei. Die maak van 'n wins uit munisipale handelsdienste, byvoorbeeld die voorsiening van water en elektrisiteit, mag te min wees om die totale dienslewering te finansier, wat kruissubsidiëring uit inkomste verdien in hoërinkomstegebiede onontbeerlik maak.[38]

Die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp onder munisipale bestuur staan in die teken van die nasionale politieke beleid en denkwyses van die tyd waarin die Blanke as die meerdere van die ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika gesien is.[39] In die studie is uitgewys dat die Blanke deur middel van segregrasie op alle terreine van die samelewing en die afkondiging van 'n

---

37 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp sub-region*, Vol.3, Jul. 1996, p.31.

38 H.J. Kroukamp, *Die finansiële posisie van munisipale dienslewering in Suid-Afrika. 'n Geselekteerde ondersoek in 1995* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UPE, 1996), pp.62,90.

39 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Summary of the report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within die Union of South Africa*, UG 61/1955, p.13.

verskeidenheid nasionale wette, hul "superioriteit" op die ander bevolkingsgroepe afgedwing het. In hulle interpretasie van die wetgewing het die Krugersdorp Stadsraad die Blanke inwoner in Krugersdorp bevoordeel bo die ander bevolkingsgroepe ten opsigte van infrastruktuurskepping en die lewering van munisipale dienste. Die aanname is gemaak, gegrond op die uitslae van die nasionale verkiesings, dat die Krugersdorp Stadsraad die Regering van die dag ondersteun het. Die besluite en optrede van raadslede en amptenare het binne die (diskriminerende) parameters van die nasionale regering geval. Individuele politieke oortuigings van raadslede en amptenare het nie in die kollektiewe optrede van die Stadsraad gefigureer nie. Geen aanduiding kon in die navorsing gevind word dat die Krugersdorp Stadsraad gekant was teen die implementering of voortsetting van 'n diskriminerende munisipale bestuurstelsel nie. Die teendeel kan eerder uit die notules en burgemeestersverslae afgelei word. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan of die Stadsraad moreel vir die plaaslike diskriminerede bestuurstelsel aanspreeklik gehou kan word. Die beginsel waarteen die Stadsraad se optrede beoordeel moet word, berus daarop dat die Regering 'n mandaat van die kiesers verkry het om die land te regeer. Die Regering het daarom die reg om te besluit hoe die land regeer moet word en watter wette in die land toegepas moet word. Alhoewel die Regering deur die kiesers verkies is, het die kiesers nie die reg om aan die Regering voor te skryf hoe die land regeer moet word nie, behalwe om die regering "uit te stem" tydens die volgende verkiesing.[40]

Die ondergeskikte status van plaaslike owerhede binne die konstitusionele raamwerk het ook 'n invloed op die optrede van die Stadsraad. Die verordeninge van 'n plaaslike owerheid is blote gedelegeerde of ondergeskikte bevoegdhede van die nasionale regering. Munisipale verordeninge bepaal die wyse waarop nasionale politieke beleid en wetgewing op 'n plaaslike vlak geïmplementeer en toegepas moet word. Hulle ondergeskikte status bring heelwat beperkinge mee wat manifesteer in die besluitnemingsbevoegdheid van plaaslike owerhede. Tog het plaaslike owerhede die verantwoordelikheid dat

---

40 A.E. Hermann, *Principles of culture and the crisis of modern civilization*, pp.206, 207.

hulle daarteen moet waak om nie blote administratiewe agente van sentrale regerings te word nie. Alhoewel ondergeskik aan die nasionale regering, moet die outonome karakter van plaaslike owerhede nie buite rekening gelaat word nie. Plaaslike Owerhede geniet 'n relatief wye sfeer van outonomie wat, alhoewel dit nie konstitusioneel verskans is nie, in 'n groot mate deur informele politieke oorwegings gewaarborg kan word.[41] Individuele raadslede en amptenare het binne die kader van informele politieke oorwegings die geleentheid gehad om die implementering van nasionale wetgewing te interpreteer en die toepassing daarvan op plaaslike vlak te beïnvloed. Dit is egter nie duidelik uit die notules en ander navorsingstukke of raadslede beswaar teen die regeringsbeleid aangeteken het of in watter mate hulle gepoog het om die implementering van diskriminerende maatreëls te "versag" of te beïnvloed nie. Die afleiding wat uit die burgemeestersverslae gemaak word, dui eerder daarop dat die Stadsraad die regeringsbeleid met nougesetheid uitgevoer en toegepas het.

In die bestuursontwikkeling van 'n munisipaliteit speel beide die munisipale raadslede en die leidinggewende amptenare 'n rol ten opsigte van die regeerproses en administrasie in die uitvoering van die besluite van die Stadsraad. Die doeltreffendheid waarmee die bestuurstaak uitgevoer word, hang in 'n groot mate af van die norme, waardes en persepsie wat die politici en amptenary aan die behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap koppel.[42] In die praktyk berus effektiewe besluitneming op die mate waarin konsensus bereik is tussen die behoeftes van die gemeenskap en die interpretasie van die politici en die amptenary van daardie behoeftes. Die gebrek aan gemeenskapsdeelname in die munisipale besluitnemingsproses in Krugersdorp is in die studie uitgewys. Waar die Blanke gemeenskappe as kiesers nog in 'n mate 'n seggenskap gehad het in die besluitnemingsproses, is hierdie reg aan die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe op grond van die nasionale politieke beleid ontsê. Selfs die

---

41 W.B. Vosloo, "Plaaslike Owerhede in Suid-Afrika", W.B. Vosloo (samesteller), *Uitdagings vir Plaaslike Owerhede*, pp.102.103.

42 M.H. Meiring, *Persepsies oor munisipale dienslewering* (Geleentheidspublikasie nr. 11, Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE, Sept. 1988), p.1.

aanbevelings van die verskillende Adviesrade is nie altyd deur die Stadsraad opgevolg nie.

Die voordeel wat Blanke inwoners in Krugersdorp bo die ander bevolkingsgroepe beleef het ten opsigte van munisipale bestuur, dienslewering en behuising is bespreek. Daar is ook daarop gewys dat die kwaliteit en kwantiteit van die munisipale dienslewering aan die ander bevolkingsgroepe nie dieselfde as vir die Blanke was nie. Een van die redes hiervoor is dat die toestande in die stedelike gebiede vir die ander bevolkingsgroepe van so 'n aard moes wees dat dit die instroming van veral die landelike Swartmense na die stede moes ontmoedig. Deur middel van onaantreklike woongebiede met die minimum geriewe en die streng toepassing van die paswette, het die Krugersdorp Stadsraad gepoog om die instroming van landelike Swartmense na die stedelike gebiede te ontmoedig.[43] Ten spyte van 'n goeie munisipale bestuurstelsel was die Krugersdorp Stadsraad nie in staat om tred te hou met die tempo waarteen Krugersdorp verstedelik het nie. Die instromingsbeheermaatreëls het nie die ontstaan van agterplaas-plakkergemeenskappe verhoed nie, soos aangetoon in die ernstige behuisingstekort wat Krugersdorp aan die einde van 1993 ondervind het.

Nasionale wetgewing het die Suid-Afrikaanse bevolking in afsonderlike kompartemente geplaas en bepaal hoe elke kompartement beheer en geadministreer moet word. Munisipale verordeninge gee op plaaslike vlak gestalte aan die nasionale wetgewing. Dit baken die leefruimte van elke kompartement af, en beheer en reguleer die leefruimte van die kompartement. Wetgewing, hetsy op nasionale, provinsiale of plaaslike vlak, beïnvloed die lewenswyse van die totale gemeenskap. Alhowel die meerderheid van die wetgewing en verordeninge waarna in die proefskrif verwys is, betrekking het op die Swart-, Bruin- en Indiërgemeenskappe, het die Blanke onder dieselfde wetgewing nie onaangeraak gestaan nie. Die apartheidswette het ook die Blanke se reg tot vrye assosiasie en beweging aan bande gelê. Etlike Blankes is

---

43 J.N. Jonker, *Die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika. Sy ontstaan en ontwikkeling* (Geleentheidspublikasie ter viering van vyftigjarige bestaan, 1982), p.19.

byvoorbeeld in die lokasies in hegtenis geneem omdat hulle die paswette oortree het. Die meerderheid wette wat in die land geldig was, het egter die Blanke bevoordeel en hom in 'n posisie van "superioriteit" geplaas. As gevolg hiervan het die Nie-Blanke gemeenskappe geleidelik 'n weerstand teen die politieke bestel in Suid-Afrika opgebou wat veral in die sewentiger- en tagtigerjare in openlike protes teen alle vlakke van regering tot 'n uitbarsting gekom het. Die gevolg van die protes is die aftakeling van apartheid en die herroeping van beperkende wetgewing, wat gepaard gegaan het met onderhandelinge vir 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Een van die grootste gevolge van die wyse waarop die nasionale wette en plaaslike verordeninge in Krugersdorp toegepas is, is die gebrek aan kultuurverdraagsaamheid onder die verskillende bevolkingsgroepe. Kultuurverdraagsaamheid sal eers intree wanneer sosiaal-kulturele integrasie plaasvind en die gemeenskap leer om die kultuurdiversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing te erken en te waardeer. Wedersydse begrip en verdraagsaamheid word gebore uit kennis van die verlede.

Die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993, het hoë verwagtinge by die publiek geskep vir groter deelname in die sake wat hulle daaglikse bestaan raak. Groter gemeenskapsdeelname in die munisipale besluitnemingsproses word ook in die Witskrif vir Plaaslike Owerhede in die vooruitsig gestel.[44] Implementering van die stelsel van gemeenskapskonsultasie en -deelname in die munisipale besluitnemingsproses sal nie net 'n gesindheidsverandering onder politici en die munisipale amptenare in Krugersdorp vereis nie, maar ook 'n nuwe munisipale bestuurstelsel tot gevolg moet hê.

44 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The White Paper on Local Government*, Mr. 1998, pp.17-35.

## 12.4 DIE MATE WAARIN VERSTEDELIKING DIE SOSIO-KULTURELE KARAKTER VAN DIE INWONERS VAN KRUGERSDORP BEÏNVLOED HET

Die ontdekking van goud en die belofte van meer goudvondse aan die Witwatersrand het 'n betekenisvolle invloed uitgeoefen op die groei en verstedeliking van dorpe aan die Witwatersrand. Krugersdorp is nie die uitsondering nie. Die ekonomiese struktuurverandering van 'n landbou- na 'n mynbou- en nywerheidsekonomie het noodwendig 'n herverdeling van die bevolking en 'n demografiese omwenteling tot gevolg gehad. Hierdie omwenteling is reeds in die bevolkingsensus van 1904 (figuur no.18) waarneembaar. Die oorplasing van 'n landelike omgewing na 'n stedelike omgewing het kultuurverandering meegebring wat die intellektuele, godsdienstige, ekonomiese en gesinslewe van elke inwoner verander, ontwrig of verwar het.

Die tempo waarteen Krugersdorp verstedelik het, het in die twintigerjare en dertigerjare as gevolg van die wêreldwye ekonomiese depressie en die droogte in Suid-Afrika toegeneem. In die periode na die Tweede Wêreldoorlog kan die verstedeliking van Krugersdorp aan sy ekonomiese ontwikkeling, maar veral aan die vestiging van nywerhede toegeskryf word. In hoofstuk vier is aangetoon dat verstedeliking al die bevolkingsgroepe in Krugersdorp raak en dat die Blanke die verstedelikingsproses van die Nie-Blanke bevolkingsgroepe beheer en gereguleer het. Die opheffing van die beperkende maatreëls sedert 1986 het 'n toename van veral Swartbevolkingsgetalle in Krugersdorp tot gevolg gehad, wat die verstedelikingstempo van die Swartmense in Krugersdorp versnel het. Verstedeliking het nog nie in Krugersdorp 'n versadigingspunt bereik nie, alhoewel die Blanke verstedelikingskurwe baie stadiger styg as dié van die Swartmense. As gevolg van die klein bevolkingsgetalle toon die verstedelikingskurwe ten opsigte van die Indiërbevolking in Krugersdorp 'n feitlik horisontale lyn.

Krugersdorp het binne enkele dekades gegroei van 'n myndorp tot 'n dinamiese nywerheidsentrum aan die Wesrand. Nywerheidsontwikkeling het tot die verstedeliking van Krugersdorp bygedra en minstens ten opsigte van die aanlê van Kagiso 'n bepalende invloed op die ligging van die woongebied gehad. Die nywerheidsontwikkeling het ook bygedra tot die vestiging van 'n sterk, invloedryke middelklas in Krugersdorp. Sosiale statusse is aan bepaalde skoling en beroepe gekoppel, asook aan die posisie van die werknemer in die hiërargiese struktuur van die werkgewer. Hierdie sosiale stratifikasie het nie net in die Blanke gemeenskap voorgekom nie, maar ook in die Swartgemeenskap.

Werkloosheid het onder al die bevolkingsgroepe in Krugersdorp voorgekom. Werkloosheid is 'n fenomeneen wat met verstedeliking gepaard gaan. Dit is vandag een van Suid-Afrika se grootste sosio-ekonomiese probleme. Krugersdorp word nie net gekonfronteer met 'n hoë werkloosheidsindeks (57% in 1996) nie, maar ook met die feit dat die meerderheid van sy inwoners se jaarlikse inkomste minder as R5000 per jaar is.[45] Ten spyte van 'n bestendige ekonomiese groei in die verlede, is werksgeleenthede in die gevestigde ekonomie in Krugersdorp beperk. Armoede is dus een van Krugersdorp se belangrikste sosio-ekonomiese probleme. Die lae koopkrag van die gemeenskap moet daarom deur die plaaslike sakegemeenskap in aanmerking geneem word in die voorsiening van bekostigbare produkte wat in die lewensbehoeftes van die gemeenskap voorsien. Stimulering van Krugersdorp se ekonomie is belangrik vir die sosio-ekonomiese opheffing en welvaart van die gemeenskap. Hierin kan die Plaaslike Oorgangsraad, die sakegemeenskap en die privaat-sektor 'n bydrae lewer.

Die maatskaplike probleme wat met die verstedelikingsproses gepaard gaan, is in die studie uitgewys. Die invloed wat verstedeliking op misdaad het, veral onder jeugdiges, is beklemtoon. Die optrede van Swartjeugdiges is versterk deur 'n antagonisme teen die regering en die Blanke se dominasie in alle sfere van die samelewing. Die sewentigerjare is gekenmerk deur onluste waarin die

---

45 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Council*, Jan. 1996, pp.16,24.

antagonisme van die Swartjeugdiges tot 'n uitbarsting gekom het. Plaaslike Owerhede het die spit van die gevolge van die onluste afgebyt omdat strukture wat hulle uit eie fondse opgerig het vir die opheffing van die minderbevoorregte bevolkingsgroepe, in die onluste afgebrand en vernietig is. Dit is die plig van die Plaaslike Owerheid om kommunikasiekanale tussen bevolkingsgroepe oop te hou en geleenthede te skep om wrywing en skaafplekke, en alles wat moontlik in die dienslewering onregverdig mag wees, vinnig en deeglik uit te skakel en by alle inwoners van Krugersdorp 'n sensitiwiteit vir menslike gevoelens aan te wakker.

Die verstedelikingsproses kan as een van die grondoorsake van maatskaplike probleme soos armoede, dwelm- en drankmisbruik, swak woonomstandighede, onstabiele gesinsverhoudings en 'n lae opvoedkundige peil in Krugersdorp gesien word. As gevolg van die politieke beleid van die verlede het maatskaplike gevolge van verstedeliking die langste en grootste nadelige invloed op veral die Swartgemeenskappe uitgeoefen. Regeringshulp in die aanspreek van maatskaplike probleme was primêr gerig op die Blanke. Vandaar dat die omvang van die maatskaplike probleme onder die Swartmense veel groter is as onder die Blankes. Die verskillende kerkgenootskappe speel 'n betekenisvolle rol in die maatskaplike opheffing en verligting van matriële nood van gemeentelede. Enkele partikuliere welsynsorganisasies, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, het ook na die breër, hoofsaaklik Blanke, gemeenskap omgesien. Die Regering het sy rol gesien as koördineerder, terwyl die private organisasies, wat direkte kontak met hulpbehoewendes gehad het, as die aangewese liggame om direkte maatskaplike hulp aan hulpbehoewendes te verleen, gesien is.[46]

Die verstedeliking van die Afrikaner en Swartmense het wyd in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing aandag geniet. Die verstedeliking van die Afrikaner het gefokus op die armblanke-vraagstuk en die sosio-ekonomiese en kulturele opheffing van die Blanke Afrikaner. Die verstedeliking van

---

46 C.M. de Necker, *Die rol van die Owerheid in die voorsiening van georganiseerde welsynsdiens in Suid-Afrika, 1902-1995* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1998), p.70.

Swartmense is uit die perspektief van die nasionale politieke beleid bespreek met aandag aan wyses waarop Swart-verstedeliking in Suid-Afrika beheer, beperk of vertraag kon word. Bespreking van verstedeliking en die invloed daarvan op die sosio-kulturele funksionering van die gemeenskappe in Krugersdorp, het dieselfde fokuspunte. Die verandering van die gemeenskap van 'n landelike na 'n stedelike lewe het die totale leefwêreld van die individu en die breër gemeenskap geraak. Sekularisme is volgens Kritzinger[47] nie 'n gevolg van verstedeliking nie, maar 'n wyse van denke wat grootliks met die verstedelikingsproses geassosieer word. Verstedeliking gaan ook gepaard met 'n ontworteling van bande wat die gemeenskap aan die landelike lewe bind. In die oorgangsfase ervaar die individu 'n gebrek aan stabiliteit en sekuriteit waarin die individu maklik sosiaal-kultureel geïsoleerd raak en vereensaam. In die praktyk is die maatskaplike, ekonomiese en kulturele lewe van die individu deur verstedeliking verander. In die Blanke gemeenskap kan godsdiens en die kerk, 'n hoër opvoedingspeil en isolasie teen invloede van ander kulture as gevolg van die geografiese segregrasie as faktore wat bygedra het tot kulturbehoud en 'n eie identiteit, gesien word. Die Swartmense is in die stad aan Westerse waardes en kultuurgoedere blootgestel sodat akkulturasie vinniger in Swartgemeenskappe plaasgevind het. In die stad het die Swartmense se politieke ideologie en posisie verander, hulle vrye mobiliteit is aan bande gelê en hulle ekonomiese status is getipeer as dié van "arbeider". Op die gebied van sy sosiaal-kulturele lewe, godsdiens en onderwys vind 'n radikale breuk met die tradisionele gebruike en oortuiginge plaas. In 'n poging om die tradisionele met die Westerse stedelike lewenswyse te versoen, ontstaan separatistiese kerke, raak Westerse en tradisionele gebruike verstrengel in sosiaal-kulturele gebruike en aktiwiteite. Nuwe denkrigtings het ontwikkel wat veral in die politiek van stedelike Swartmense neerslag gevind het. Uit 'n sosio-kulturele en ekonomiese oogpunt is die verstedeliking van die Swartbevolking een van die grootste probleme waarmee die Plaaslike Oorgangsraad in 1993 gekonfronteer is. Die

47 J.J. Kritzinger, "Verstedeliking en die Kerk, kwalitatief beskou", F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, pp.114-116.

intensiteit van die probleem word vererger deur die politieke verwagtinge van die gemeenskap wat hoër is as die vermoë van die Plaaslike Owerheid. Juis wanneer swak toestande vinnig verbeter word, styg die verwagting so vinnig dat dit tot die rand van opstand en protes neig.[48]

## 12.5 AANBEVELINGS

Krugersdorp word sedert sy stigting as "hoofdorp" aan die Wesrand erken. Die munisipale bestuur het deurgaans hulle toegespits op die ontwikkeling van Krugersdorp op sosio-ekonomiese gebied. Die implementering van die politieke beleid van die dag het tot gevolg dat die sosio-kulturele profiel van die gemeenskap gekenmerk word deur diepgaande teenstrydighede tussen die verskillende bevolkingsgroepe ten opsigte van sosiale statusse, ekonomiese welvaart en 'n skeefgetrekte infrastruktuur. Die periode 1903 tot 1993 word gekenmerk deur die negatiewe effekte van die politieke ideologie van die verlede. Die 1994 algemene verkiesing het 'n nuwe era van demokrasie in Suid-Afrika ingelui. Die historiese oorgangsproses plaas groot druk op Plaaslike Owerhede. Een van die belangrikste take wat die Plaaslike Owerhede na 1994 het, is om die historiese wanbalanse aan te spreek.

Transformasie van die wanbalans wat die sosio-kulturele profiel van Krugersdorp kenmerk, vereis dat die Plaaslike Oorgangsraad 'n geïntegreerde en voortgesette ontwikkelingsplan moet volg. Behalwe die voorsiening van werksgeleenhede, behuising, water, elektrisiteit, sanitasie, 'n skoon en gesonde woonomgewing, gesondheidsorg, transport en sosiale welsyn, moet aandag ook gegee word aan die geestelike ontwikkeling van die inwoners. Dit sluit onderwys en opleiding in markverwante vaardighede en die bevordering van sport, rekreasie, kuns en kultuur as middele om persoonlike groei te verseker, in. Laastens moet die ekonomiese welvaart van die gemeenskap opgehef word deur middel van werkskepping.

*Transformasie* is een van die woorde in ons woordeskat wat as gevolg van 'n politieke konnotasie behang is met 'n simboliese betekenis. Transformasie is vir

---

48 P. Smit & J.J. Booysen, *Swart-verstedeliking; proses, patroon en strategie*, p.107.

baie Suid-Afrikaners die sleutelwoord waarop hulle hul hoop vir 'n regmatige plek in die samelewing vestig. Aan die anderkant bring transformasie by sommige mense onsekerheid oor hulle toekomstige plek en posisie in dieselfde samelewing. Persone wat voorheen in 'n meer bevoorregte posisie was, voel dikwels bedreig deur die gedagte aan transformasie. In die lig hiervan kan die beginsel van transformasie maklik misbruik word. Dit is daarom belangrik om te onthou dat transformasie 'n proses is en nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie. Dit beteken nie dat transformasie as proses onbeperk moet aanhou nie. Hoe belangrik die proses ookal is, dit moet op 'n gegewe tyd afgesluit word. 'n Tweede beginsel vir transformasie is dat dit organies en nie kunsmatig moet wees nie. Transformasie moet gebaseer wees op 'n effektiewe bestuurstelsel en op so 'n wyse aangewend word dat dit die sterk punte van 'n saak uitbou en die swak punte uitskakel of negeer. Transformasie moet ook op so 'n wyse aangewend word dat dit die kompeterende posisie van die individu in die samelewing verbeter. Laastens moet die beginsel van meriete in die transformasieproses gehandhaaf word. Meriete moet in die transformasieproses ingebou word deur middel van kwaliteit onderrig en opleiding van die gemeenskap, maar veral van die jeug te handhaaf.[49]

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996[50], bepaal dat Plaaslike Owerhede in die toekoms 'n ontwikkelingsrol in die gemeenskap moet speel. Artikel 153 van die Grondwet bepaal dat "A municipality must structure and manage its administration, budgeting and planning procedures, to give priority to the basic needs of the community and to promote the social economical development of the community". Die Grondwet beskerm ook die regte van die individu en bepaal onder andere

- die reg van die individu tot vryheid van spraak en artistieke kreatiwiteit (klousule 16);
- die reg van die individu tot vrye assosiasie (klousule 18);

49 Biblioteek, Krugersdorp. *Transformation and wealth creation: Behind the banner* (pamflet uitgegee deur Standard Bank, Jun. 1998).

50 Suid-Afrika. 1996. *Constitution of the Republic of South Africa as adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996 and as amended on 11 October 1996.* (ISBN 0-620-20214-9).

- dat elkeen die reg het om die taal en kultuur van sy keuse te gebruik of te beoefen solank dit nie inbreuk maak op die regte van die ander mense nie (klousule 30); en
- persone wat tot 'n bepaalde kultuur, religieuse of taalgroep behoort mag nie verhinder word om sy kultuur, godsdiens of taal te gebruik nie, of om kultuurverenigings en -aktiwiteite te organiseer of aan te behoort nie (klousule 31).

Plaaslike Owerhede het dus 'n verantwoordelikheid om kultuurontwikkeling en kultuuraktiwiteite in die breër gemeenskap te ondersteun, te bevorder en te ontwikkel. Om leemtes in die transformasieproses uit te skakel, behoort oorweging aan die volgende aanbevelings gegee te word:

- Voorsiening moet gemaak word in die munisipale struktuur vir 'n afdeling kultuurdienste. Met kultuurdienste word bedoel die oprigting en instandhouding van kultuursentrums, museums, biblioteke, teaters, kunsgalerye, gemeenskapsale en die bewaring van ou geboue, historiese strukture en monumente wat belang het in die geskiedenis van Krugersdorp en deel vorm van die nasionale erfenis. Die huidige fragmentasie van kultuurdienste moet in een departement saamgevoeg word.
- Ekonomiese groei kan gestimuleer word in die bemarking van Krugersdorp se historiese en kulturele erfenis vir die toeriste mark. 'n Verhoging in toeriste na Krugersdorp sal nie net 'n invloei van kapitaal na Krugersdorp beteken nie, maar dit bied ook werkskeppingsgeleenthede aan 'n gemeenskap wat ekonomies geknelter word. 'n Toename in toerisme sal entrepreneurs en klein-sake ontwikkeling stimuleer.
- Die bewaring van Krugersdorp se historiese en kulturele erfenis moet groter prioriteit onder beleidmakers en besluitnemers geniet. Die Stadsraad van Krugersdorp moet sy verantwoordelikheid as kuratore van die dorp se erfenis erken en kultuuraktiwiteit in die gemeenskap beskerm, bevorder en ondersteun deur middel van:
    - die afkondiging van verordeninge;

- effektiewe organisasie en beheer;
- finansiële steun;
- die voorsiening en onderhoud van geskikte, permanente, fasiliteite vir kultuuraktiwiteit;
- die dokumentasie van die historiese en kulturele erfenis van Krugersdorp;
- die beskerming en bewaring van artefakte, strukture, terreine, monumente en lewende kultuur;
- Beheer oor toegang en gebruik van fasiliteite.

- Die geskiedenis en kultuurdiversiteit van Krugersdorp moet in kultuuraktiwiteite gereflekteer word.
- Dit is 'n funksie van plaaslike owerhede om die natuurlike en kulturele erfenis van die gemeenskap te bewaar deur die stigting van kultuursentrums, en die gemeenskap aan te moedig om aktief deel te neem in erfenisbewaring.
- Die historiese wanbalans in die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp moet aangespreek word deur middel van uitreiking na marginale gemeenskappe en die oprigting van sateliet-kultuursentrums. Marginale gemeenskappe moet bygestaan word in die beplanning, organisasie en aanbied van kultuuraktiwiteite.
- Integreer kultuuraktiwiteite en erfenisbewaring in die dorpbeplanningskema en omgewingsbestuur. Impakstudies vir die ontwikkeling van nuwe en bestaande gebiede moet 'n studie van kultuurhulpbronne insluit.
- 'n Komitee wat die implikasies van die sosio-kulturele wanbalans in die totale gemeenskap evalueer en aanbevelings maak rakende die verbetering van metodes waardeur transformasie bewerkstellig kan word, moet aangestel word. Die komitee kan ook aandag gee aan verskillende benaderingswyses om doeltreffende dienslewering aan die gemeenskap te verseker.
- Die sosiale waarde van kultuurdienste in gemeenskapsontwikkeling en 'n beter kwaliteit lewe aan die individu moet erken word.

- Bestaande historiese strukture en geboue moet bewaar en in stand gehou word. Die gebrek aan fondse vernietig die beleid om die historiese en kulturele erfenis van Krugersdorp te bewaar.

## 12.5 FINALE OPMERKING

Krugersdorp is 'n merkwaardige dorp waarin historiese gebeurtenisse en natuurlike rykdomme beslag gegee het aan die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp onder munisipale bestuur. Die wyse waarop Krugersdorp ontwikkel het, het die wese en karakter van die inwoners geslyp. In die algemeen kan die munisipale bestuur en infrastruktuur in die tydperk 1903 tot 1993 as geslaagd beskou word ten spyte van die diskriminerende politiek teen die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe. Die Plaaslike Oorgangsraad is in 1993 gekonfronteer met sosiaal-kulturele probleme en 'n skeefgetrekte infrastruktuur wat groot uitdagings aan die nuwe Plaaslike Owerheid stel. Dit is belangrik dat die Plaaslike Oorgangsraad 'n gevoel van identiteit, lojaliteit, trots, samehorigheid, verdraagsaamheid teenoor mekaar en 'n historiese bewussyn by die individu en die gemeenskap ontwikkel. Kennis van die verlede sal bydra tot die skep van 'n sosiale geheue en gewete wat die gemeenskap bewus maak van 'n eie identiteit. Indirek sal kennis van die dorp se geskiedenis ook bydra tot 'n beter kwaliteit lewe vir die individu omdat dit die gemeenskap toerus met 'n basiese kennis wat deur beplanners en besluitnemers tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word in die beplanning van nuwe ontwikkeling, ekonomiese opheffing, erfenisbewaring en in die toerismebedryf